# Die tweepotstelsel vir aftreespaargeld
wat jy moet weet


Sanlam

Nuwe wetgewing vir aftreefondse, bekend as die **tweepotstelsel**, sal vanaf **1 September 2024 in werking tree.**

1 Sep. 2024

## Waarom die tweepotstelsel?

Gedurende finansieel stresvolle tye bedank aftreefondslede dikwels sodat hulle toegang tot hul aftreespaargeld kan kry. **Die nuwe tweepotstelsel sal lede van pensioen-, voorsorg- en aftreeannuïteitsfondse toegang gee tot korttermyn- finansiële verligting tydens noodgevalle, aangesien hulle van hul aftreespaargeld sal kan kry voordat hulle aftree.**



## Hoe gaan dit werk?

Vanaf 1 September 2024 sal jou aftreefondsbesparings en maandelikse bydraes aan drie potte toegeken word.




Jou opgehoopte aftreespaargeld tot en met **31 Augustus 2024** sal aan die gevestigde pot toegeken word en sal nie deur die tweepotstelsel geraak word nie.

31 Aug. 2024

Vanaf **1 September 2024**, sal jy nie meer bydraes tot jou gevestigde pot kan maak nie.

1 Sep. 2024

Wanneer jy aftree, sal die spaargeld in jou gevestigde pot-voordeel volgens die fondsreëls uitbetaal word.

Die wetsontwerp stel voor dat 10% van jou gevestigde pot op 31 Augustus 2024, tot 'n maksimum van R30 000, as 'n beginsaldo na jou noodspaarpot oorgedra word.

**10%** maksimum van **R30 000**

Jou gevestigde pot sal voortgaan om met die beleggingsopbrengste te groei.

33% van jou netto fondsbydraes sal aan jou noodspaarpot toegeken word.

Maandelikse bydraes en beleggingsopbrengste sal hierdie pot laat groei.

2




Wanneer jy aftree, kan die saldo in hierdie pot as 'n enkelbedrag uitbetaal en belas word, of gebruik word om 'n pensioen te koop.

**By aftrede**
**Enkelbedrag OF Pensioen**

Jy kan elke belastingjaar een onttrekking uit hierdie pot maak.

- Die minimum bedrag is R2 000
- Die maksimum bedrag is dít wat in jou noodspaarpot beskikbaar is
- LBS-belasting plus 'n administrasiefooi sal afgetrek word voordat dit uitbetaal word

**1**
**onttrekking**
**per belastingjaar**

## Belangrik – onttrekkings het finansiële gevolge

Die doel van jou aftreespaargeld is om vir jou 'n pensioen te koop wanneer jy nie meer werk nie. As jy geld uit jou aftreespaargeld onttrek, verloor jy van die saamgestelde groei wat jy sou verdien deur hierdie geld te spaar en sal jy minder geld oorhê om van te leef wanneer jy aftree.

Dit kan jou aftreeplanne negatief beïnvloed. Die noodspaarpot is bedoel vir finansiële noodgevalle en nie vir 'n nuwe motor of 'n duur vakansie nie. Jy word aangeraai om jou spaargeld vir aftrede te hou.

67% van jou netto fondsbydrae gaan na jou aftreepot.

Maandelikse bydraes en beleggingsopbrengste sal hierdie pot laat groei.

3




**Koop pensioen by aftrede**

Die volle saldo in jou aftreepot moet gebruik word om ’n pensioen te koop wanneer jy aftree. As jou saldo minder as R165 000 is, kan jy dit kontant neem.

Geen onttrekkings kan uit hierdie pot gemaak word nie.

**GEEN onttrekkings**

# Voorsorgfondslede van 55+ het ’n keuse

Voorsorgfondslede wat op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer was en wat tot 1 September 2024 lede van die fonds gebly het (na verwys as lede van 55+), kan:

## Bly in die gevestigde pot

- Hierdie lede sal voortgaan om bydraes tot hul gevestigde pot te maak volgens hul huidige fondsreëls.
- By aftrede kan hulle enige bedrag van hul gevestigde pot kontant (na belasting) neem en die balans gebruik om ’n pensioen te koop.

**OF**



## Skuif na die tweepotstelsel

- Hierdie lede sal op die eerste dag van die maand ná hul besluit om na die tweepotstelsel oor te gaan, begin bydra tot die nuwe noodspaar- en aftreepotte, en sal een onttrekking per belastingjaar uit hul noodspaarpot kan maak (sien hierbo vir meer inligting).
- Hierdie besluit sal eenmalig wees en moet voor 1 September 2025 geneem word.
- Hierdie lede sal steeds hul gevestigde pot kontant kan neem indien hulle voor aftrede sou bedank.

**LET WEL:**

- Hierdie opsie is nie beskikbaar vir pensioenfondslede van 55+ nie, met ander woorde hierdie lede sal outomaties deel word van die tweepotstelsel.
- Lede wat 55 jaar en ouer is, moet aangeraai word om soveel as moontlik vir hul aftrede te bewaar.

**Enige onttrekking beteken minder geld by aftrede.**

Die tweepotstelsel is **nie** beskikbaar vir:

- Lede met onopgee voordele
- Pensioenarisse
- Pensioenarisse wat uitgestel het, dit wil sê lede wat afgetree het, maar gekies het om nie hul aftreevoordeel te ontvang nie
- Begunstigde fondslede

## Waar kan ek nog hulp of advies kry?

As jy advies of nog hulp benodig, praat asseblief met 'n **aftreevoordeelraadgewer** wat jou van inligting sal voorsien of jou na jou werkgewer se goedgekeurde finansiële adviseur sal verwys vir advies.

# Wat jy nou moet doen

1. Maak seker dat jou werkgewer jou bankbesonderhede vir ons gestuur het.
2. Laai die **Sanlam Portfolio App** af op jou foon of besoek die **Sanlam Member Portal online**. Dis noodsaaklik om toegang tot jou noodspaargeld te kry.




**Registreer asseblief op die lidportaal deur hierdie skakel in jou blaaier te volg.**




**Registreer asseblief deur die toepassing op jou foon af te laai deur hierdie QR-kode te skandeer.**

SC0869 05/2024

Sanlam Life is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde krediet (NCRCP43).